## VERKLARING DEUR DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK*

Die aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk van Kaapstad het in sy ultimatum aan die Afrikaanse Kerke, uit die oog verloor dat hy nie spreek met kultuur, politieke of ander wêreldse organisasies nie, maar met 'n Kerk wat, hoewel in verskillende kerkgenootskappe georganiseer is, in wese een in geloof en in belydenis en in hoop en in uitsig is; een christelike Kerk, deur een Saligmaker Jesus Christus verlos. Hy het vergeet dat hy spreek met 'n Kerk wat die liggaam van Christus is. Dit betaam hom nie om as verantwoordelike hoof van 'n Kerk, so uitdagend, aanmatigend en veroordelend met 'n ander Kerk te praat nie. Dit is nie in ooreenstemming met die gees van Jesus Christus nie, maar is meer in ooreenstemming met die gees van die wêreld. As die toestande in ons land soos gewoonlik kalm en rustig was, sou ons sy ultimatum met die verontagsaming wat dit verdien, bejeën het.

Omdat ons egter daarvan bewus is dat die linksgesinde wêreldpers, 'n haat-veldtog teen Suid-Afrika voer en dat dié pers vanuit Suid-Afrika deur kommunistiese georiënteerde organisasies, opruiers, agitators, kwaadstrokers waaronder helaas ook geestelikes gevind word, van gruwelstories, verdraaiings onophoudelik voorsien word en omdat ons bewus is dat die wêreldmening, met die Kerke in baie lande op sleeptou, toenemende druk op ons uitoefen, daarom wil ons sy Hoogeerwaarde aartsbiskop Joost de Blank as volg antwoord:

Ons bely en getuig voor die ganse wêreld en teenoor alle mense en liggame en Kerke, namens dié deel van die Afrikaanse Kerke, wat as die Nederduitsch Hervormde Kerk bekend staan, dat ons weier om ons gewetens te verkrag deur die onderskrywing van 'n beleid, waarvan ons heilig oortuig is dat dit nie alleen sal lei tot ondergang van ons 3,000,000 blankes nie, maar wat ook alles sal vernietig wat met soveel opoffering, geduld en met soveel ware belangstelling vir die heil, ontwikkeling en opheffing van die bantoes tot stand gebring is en wat bereken is om hulle tot volke selfstandig te lei.

*Ons bely en getuig*:

Dat ons glo uit die diepste oortuiging van ons siel dat aparte ontwikkeling die enigste, christelik gefundeerde, regverdige beleid is, vir ons land met sy bevolkingsamestelling.

Dat enige ander beleid soos dié van vermenging, veelrassige state, ens. die gevaar inhou dat toevlug geneem kan word tot allerlei onwaardige en onchristelike metodes van selfhandhawing soos byvoorbeeld

die handhawing van apartheid in privaat kerkskole, terwyl voor die wêreld die teenoorgestelde bely word; deur teen Bantoes in die Kerk te diskrimineer deur byvoorbeeld hul traktement vas te stel op £350 per jaar terwyl aan die blanke leraar £600 per jaar toegeken word; deur aan die bantoe leraar £60 huwelikstoelaag toegeken word, terwyl blanke leraars £100 ontvang (soos blyk uit onlangs gepubliseerde stukke).

*Ons glo en bely:*

Dat dit 'n christenkerk betaam om aan die Bantoe openlik en eerlik te sê dat ons hom nie in ons Kerk wil opneem nie, omdat dit onregverdig, onbroederlik en onverantwoordelik is om van hom te verwag dat hy 'n namaaksel van ons blankes moet word. Ons gun hom wat ons vir onsself opeis, naamlik dat hy God sal dien in 'n eie selfstandige Kerk waar hy deur sy eie leraars bedien kan word en, in ooreenstemming met sy eie volksaard en in sy eie taal, God kan verheerlik. Ons wil en sal hom help om hierdie Kerke tot stand te bring solank hy ons hulp en raad nodig het. Die Bantoe wat tot gemeentes behoort wat deur bemiddeling van ons Kerk tot stand gekom het, weet dat hulle op ons hulp deur dik en dun kan reken. Ons moedig hulle nie, deur ons houding, aan tot opstand, muitery en dwase verset teen kerklike en wêreldlike regering nie en ons vlug nie, wanneer hulle as gevolg van onverantwoordelike optrede in moeilikheid beland nie.

Aan die Hoogeerwaarde heer aartsbiskop Joost de Blank wil ons dan antwoord dat, soos ons vaders in geloof aan en in vertroue op God, die groot taak van opheffing, beskawing en kerstening van die miljoene barbare en heidene aangepak het, so wil ons ook voortgaan in gehoorsaamheid aan God en aan ons apostoliese opdrag. Die uitslag laat ons aan Hom aan wie behoort die Koninkryk en die Krag en die Heerlikheid, tot in alle ewigheid.

---

* Op 14 April 1960 het die H.E. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hierdie verklaring uit naam van die Kerk uitgereik.
Die Redaksie verklaar dat die inhoud van hierdie artikel uiteraard vir rekening van die outeur(s) bly.